

## **Nuwe onderwyswet kan ongelykhede uitwis**

*Die nuwe wetsontwerp op basiese onderwys is 'n poging om die ongelykhede van die verlede aan te spreek. **Michael le Cordeur** het die wysigingswet bestudeer en gee sy indrukke.*

“Onderwys is die magtigste wapen om die wêreld te verander,” het Nelson Mandela gesê. Op Wêreld-Onderwyserdag (5 Oktober) vra ek myself af hoeveel Suid-Afrikaners hul al vereenselwig het met Madiba se woorde. Want 26 jaar na demokrasiewording word ons onderwysstelsel steeds gekniehalter deur basiese tekortkominge wat effektiewe onderrig en leer verhoed. Boonop het die pandemie die situasie vererger deur die ongelykhede tussen skole bloot te lê.

Te midde hiervan het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) vroeër vanjaar die voorgestelde Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (of *Bela* soos dit in onderwyskringe bekendstaan na aanleiding van die Engelse afkorting – Basic Education Laws Amendment Acts) ter tafel gelê vir kommentaar. Volgens die Grondwet is 'n nuwe Suid-Afrika gebore uit die strewe om die verdeeldheid van die verlede te genees en 'n samelewing te skep gebaseer op demokratiese waardes ten einde 'n beter lewe te bied aan alle landsburgers. Myns insiens is dit juis wat die nuwe wet op Basiese Onderwys ten doel het en ek illustreer dit met enkele voorbeelde.

### **Vroeëkindontwikkeling**

'n Groot probleem is die afwesigheid van voorskoolse onderwys (VKO) in die meeste van ons skole omdat hierdie funksie tot nou toe geresoneer het onder die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en eers onlangs na die DBO geskuif is. Dat die voorgestelde wetgewing die bywoning van graad R nou verpligtend maak, is 'n stap in die regte rigting. Dit sal die lewe van grondslagfaseonderwysers aansienlik vergemaklik. Volgens onderwysers neem dit soms 'n jaar voor kinders skoolgereed is en met die kurrikulum kan begin soos om te leer lees en skryf.

Die nuwe wetgewing erken dat skole die teelaarde is van nuwe talent en skep geleenthede vir die totstandkoming van skole wat spesialiseer in sport en die kreatiewe kunste. Die gebrek aan geriewe is nie meer 'n struikelblok nie, aangesien die nuwe wet voorsiening maak vir die billike gebruik van fasiliteite vir skoolverwante aktiwiteite sonder dat 'n fooi van arm skole verhaal word. Op sy beurt onderneem die DBO om die leer- en onderrigmateriaal betyds te voorsien.

### **Onderwysstakings**

Ek was nog altyd gekant teen enige onderbreking van die skoolprogram en verwelkom die nuwe wetgewing wat voorsiening maak vir die vervolging van enigeen wat verpligte skoolbywoning verhinder. Openbare skole is 'n nasionale bate wat in diens van al ons kinders behoort te wees, ongeag hul ras, geloof, geslag, taal of ekonomiese situasie. Ten einde die beste belang van die kind te dien, moet openbare skole se gedragskode leerlinge se diverse kulturele - en godsdienstige oortuiginge asook hul mediese omstandighede in ag neem tydens dissiplinêre aangeleenthede.

### **Dwelmmisbruik**

Die misbruik van dwelms is 'n yslike kopseer vir ouers en onderwysers. Daarom is die maatreëls rondom die besit van dwelms op die skoolterrein en gedurende skoolaktiwiteite, verfyn. Voorts is die regulasies wat verband hou met die skorsing en uitsetting van kinders wat hulle hieraan skuldig maak, aangepas sodat in gevalle van ernstige wangedrag, skole gepaste optrede kan neem.

### **Ouerbetrokkendheid**

Dit blyk dat daar ongelukkigheid is oor die beperking van skoolbeheerliggame se magte. Waar skole voorheen self hul toelatings- en taalbeleid kon bepaal, moet die beheerliggaam dit nou ingevolge die nuwe wetgewing eers aan die provinsiale onderwyshoof voorlê vir goedkeuring. Sommige skole voel

dit is 'n skending van hul demokratiese regte wat oerbetrokkenheid aan bande sal lê. In 'n ideale samelewing is dit die beheerliggaam se plig om die skoolhoof en sy bestuurspan by te staan met sekere take en om leiding te gee met belangrike besluite. Trouens die betrokkenheid van die ouers by die skool is 'n basiese beginsel van onderwys wat ten sterkste aangemoedig moet word.

### **Taal-en toelatingsbeleid**

Die DBO voer egter aan dat enige veranderinge aan 'n skool se taal- en toelatingsbeleid slegs sal geskied "after consultation with the governing body of the school." Volgens die DBO sal dit verseker dat alle amptelike tale gelyke beregtiging geniet en dat skole nie taal kan gebruik as 'n basis vir diskriminasie nie. Tydens die Rivonia Primary-saak in 2013 het die Konstitusionele hof bevestig die DBO het wel die reg om 'n skool se nie-toelating van 'n leerling ter syde te stel. Daardie gesag is nou vervat in die nuwe wetgewing waarvolgens die Onderwyshoof 'n openbare skool kan dwing om meer as een taal van onderrig aan te bied indien die behoefte bestaan. Die voorwaarde is dat daardie taal deel van die skool se taal-en toelatingsbeleid word en die DBO die nodige hulpbronne sal voorsien vir die onderrig van die addisionele taal. Dit is eweneens verblydend dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal ingevolge die nuwe wetgewing ook nou amptelike status sal geniet.

### **Ongelykheid**

'n Probleem wat ek reeds as kringbestuurder van Stellenbosch waargeneem het, is dat skole se beheerliggame nie almal gelyk is wat betref die ekonomie, opleiding en vaardighede nie. Ongelukkig hang die skadu van ons land se aaklige verlede nog oor ons. Hoe vergelyk jy byvoorbeeld 'n skool met skoolfooie wat duisende rande beloop en 'n begroting van etlike miljoene bestuur met 'n skool waarvan die jaarlikse skoolfooie net R500 beloop en tevrede is as hulle slegs een-derde daarvan insamel?

Wat betref opleiding kan ek noem dat ek al met lede van beheerliggame gewerk het wat nie kon lees of skryf nie! Ouers in arm gemeenskappe het nie toegang gehad tot die beste skoolopleiding nie en beskik dus nie oor die luukse van ouditeure, rekenmeesters en prokureurs nie. Dié ouers kan nie bankstate of begrotings voorberei of interpreteer nie. Met opleiding is dit wel moontlik maar baie opleiding is nodig voordat hulle onafhanklik 'n taal-en toelatingsbeleid sal kan opstel. Om dus te verwag dat hulle dit op hierdie stadium aan die owerhede voorlê, is allermins onredelik.

### **Goeder trou**

Dalk is die oplossing om 'n meer genuanseerde benadering te volg: om te help en op te lei waar nodig, en om juis daardie skole wat oor die vaardighede beskik te vra om hand by te sit daar waar dit nodig is. Dit is myns insiens waar die eintlike probleem lê: ons moet mekaar ondersteun soos medeburgers. Tydens die Rivonia Primary-saak het die grondwetlike hof dit raak opgesom toe die hof die skool, die ouers en die staat gevra het om as venote *in goeder trou* saam te werk.

As ons werklik vir ons kinders die pad wil aandui na 'n ware nie-rassige samelewing waar alle Suid-Afrikaners in harmonie en vrede met mekaar kan saamleef, moet ons self daardie waardes uitleef en dit reeds op skool vir ons kinders leer. Dit is 'n kwade dag as kinders wat ná 1994 in 'n demokratiese Suid-Afrika gebore is, mekaar rassistiese woorde toesnou. Waar sou hulle dit geleer het?

### **Goeie nuus**

Die nuwe wet bring ook goeie nuus: Die kommer oor plattelandse skole wat weens verstedeliking begin leegloop, kan nou ingevolge die nuwe wetgewing saamsmelt. Dit kan eenheid bewerkstellig tussen gemeenskappe wat voorheen deur apartheid geskei is.

In hierdie moeilike ekonomiese tye is dit bemoedigend dat ouers die opsie het van kwytskelding van skoolfooie. Met korrupsie wat tans hoogty vier, maak die wet ook voorsiening dat ouers wat valse inligting of vervalste dokumente verstrek om kwytskelding te kry, vervolgt kan word.

Nog goeie nuus is dat beheerliggame nie onbeperkte magte sal hê nie. Ingevolge die voorgestelde wysigingswet sal opgetree word teen beheerliggame wat hul skuldig maak aan pligsversuim. Hulle sal summier van hul funksies ontnem word. Ter wille van deursigtigheid sal daar voortaan gereeld verslag gedoen moet word oor die skool se finansies. Die aanstelling van personeel asook skole se verkrygingsprosedures sal fyn dopgehou word om neopotisme en sake met “vriende” te verhoed. Beheerliggame wat herhaaldelik oortree, sal deur die Onderwyshoof ontbind word.

### **Optimisme**

Ek het kennis geneem van die kritiek op die nuwe wetgewing maar sou tog versigtig wees om die baba met badwater en al uit te gooi. Ware optimis wat ek is, glo ek dat hierdie ‘n poging is deur die regering om nie net die probleme in die onderwysstelsel aan te spreek nie, maar om ook wetgewing in plek te stel wat die ongelykhede van die verlede sal aanspreek én die lewe van onderwysers – wat onlangs deur moeilike tye gegaan het – aansienlik sal vergemaklik.

Die onus is op ons, die onderwyslui, om te bewys ons kan vertrou word om hierdie nuwe wetgewing in goedertrou met medelandsburgers toe te pas op ‘n wyse wat al ons kinders tot voordeel sal strek en toegang tot gehalteonderwys sal gee.

***\*Prof Michael le Cordeur is Visedekaan vir Leer en Onderrig in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is ook die voorsitter van die Universiteit se Het Jan Marais Fonds en ondervoorsitter van die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans.***